Sanlam

Februarie 2018

# Wat moet jy doen as die beleggingsfondskeuses nie aan die Regulasie 28 batelimiete voldoen nie?

Gesels met jou Sanlam Finansiële Adviseur of geakkrediteerde makelaar vir advies en bystand om die mees geskikte beleggingstrategie en -portefeulje te bepaal vir jou aftree-spaargeld en beplande inkomstestrategie ná aftrede.

**"Managed investment funds"** maak die **omskakeling ("switch")** van huidige fondse of die **hertoewysing ("redirection")** van toekomstige bydraes, moontlik:

- 'n **Omskakeling** is 'n verandering aan die beleggingsfondssamestelling van jou **huidige** fondswaarde.
- 'n **Hertoewysing** is 'n verandering aan die beleggingsfondssamestelling van jou **toekomstige** herhalende betalings.

Ná 'n omskakeling of hertoewysing moet jou hele plan aan die Regulasie 28 batelimiete voldoen. As jou plan tans nie aan Regulasie 28 voldoen nie, mag jy dus geen ander keuse hê nie as om 'n omskakeling **én** hertoewysing te doen voordat jy met die transaksie kan voortgaan.

- **Indien** die beleggingsfondssamestelling van **die huidige fondswaarde nie voldoen nie**, word 'n **omskakelingstransaksie** vereis om seker te maak dat die bateverspreiding van die huidige fondswaarde wel voldoen.
- **Indien** die beleggingsfonds**samestelling van die huidige herhalende betaling nie voldoen nie**, word 'n transaksie vir **hertoewysing** vereis om seker te maak die bateverspreiding van die toekomstige herhalende bydraes gaan wel voldoen.

Hier is 'n paar <u>riglyne</u> om jou te help om die beleggingsfondssamestelling aan te pas sodat die plan aan die Regulasie 28 batelimiete n voldoen:

- Kies net beleggingsfondse wat aan Regulasie 28 voldoen aangesien enige kombinasie van hierdie fondse ook sal voldoen.
- Kies minder beleggingsfondse in die samestelling van die beleggingsfonds.
- Begin met 'n vermindering van die persentasie toewysing aan die beleggingsfonds met die grootste relatiewe blootstelling aan die batekategorie wat nie die toets vir nakoming slaag nie.

Die volgende twee voorbeelde <u>illustreer</u> hoe 'n aftreeplan getoets word vir nakoming van Regulasie 28.



Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

## Voorbeeld 1:

Beleggingsfondskeuse: Fonds A = 50% en Fonds B = 50%

| Bateklas | | Aandele (genoteerde eiendom uitgesluit) | | Buitelandse bates | | Genoteerde eiendom | | Verskansings-fondse | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fonds A maksimum blootstelling | | 75% | | 20% | | 30% | | 10% | |
| Fonds B maksimum blootstelling | | 100% | | 30% | | 10% | | 0% | |
| **Regulasie 28-batebeperking** | | **75%** | | **30%** | | **25%** | | **10%** | |
| Fonds A toegewysing | 50% | 50% van 75% | **37.5%** | 50% van 20% | **10%** | 50% van 30% | **15%** | 50% van 10% | **5%** |
| Fonds B toegewysing | 50% | 50% van 100% | **50%** | 50% van 30% | **15%** | 50% van 10% | **5%** | | **0%** |
| **Totale persentasie van fondswaarde of bydrae toegewys** | | **87.5%** | | **25%** | | **20%** | | **5%** | |

**Voldoen nie** omdat die persentasie toegewys aan aandele die Regulasie 28-beperking van 75% oorskry.

## Voorbeeld 2:

Beleggingsfondskeuse: Fonds A = 30%; Fonds B = 30% en Fonds C (geldmarkfonds wat 100% in kontant belê) = 40%

| Bateklas | | Aandele (genoteerde eiendom uitgesluit) | | Buitelandse bates | | Genoteerde eiendom | | Verskansings-fondse | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fonds A maksimum blootstelling | | 75% | | 20% | | 30% | | 10% | |
| Fonds B maksimum blootstelling | | 100% | | 30% | | 10% | | 0% | |
| Fonds C maksimum blootstelling | | 0% | | 0% | | 0% | | 0% | |
| **Regulasie 28-batebeperking** | | **75%** | | **30%** | | **25%** | | **10%** | |
| Fonds A toegewysing | 30% | 30% van 75% | **22.5%** | 30% van 20% | **6%** | 30% van 30% | **9%** | 30% van 10% | **3%** |
| Fonds B toegewysing | 30% | 30% van 100% | **30%** | 30% van 30% | **9%** | 30% van 10% | **3%** | | **0%** |
| Fonds C toegewysing | 40% | | **0%** | | **0%** | | **0%** | | **0%** |
| **Totale persentasie van fondswaarde of bydrae toegewys** | | **52.5%** | | **15%** | | **12%** | | **3%** | |

**Voldoen** want elk van die persentasies toegewys aan die belangrikste bateklasse is binne die beperkinge gestel deur Regulasie 28.